

Chris Jones*

Die Suid-Afrikaanse regering het die eerste Saterdag in November tot [Nasionale Kinderdag](#) verklaar sodat ons kan nadink oor die bevordering en verwesenliking van die regte van ons land se kinders. Vanjaar is dié dag op 5 November gevier.

In hierdie stuk wil ek meer spesifiek fokus op die [sosio-ekonomiese regte van en omstandighede](#) waarin talle Suid-Afrikaanse kinders hulle bevind. Ek wil in hierdie verband ook spesifieke regte ondersoek wat in ons Handves van Regte, soos ingesluit in die [Grondwet](#), gewaarborg word.

Demografie

Volgens Katharine Hall, senior navorsers by die Kinderinstituut aan die Universiteit van Kaapstad, het daar teen die middel van 2018 nagenoeg 58 miljoen mense in Suid-Afrika gewoon waarvan [20 miljoen kinders jonger as 18 was](#). Die geslagsverdeling van ons kinders is gelykop en 20% woon nie by een van hul biologiese ouers nie.

Die kinderbevolking het van 18,1 miljoen in 2002 tot 20,5 miljoen in 2020 gegroei. In Gauteng het die kinderbevolking byvoorbeeld sedert 2002 met 50% toegeneem, wat dit die provinsie met die vinnigste groeiende kinderbevolking maak. Daar was ook 'n toename in die Wes-Kaap, terwyl die Oos-Kaap 'n afname sedert 2002 beleef het.

In 2020 was daar 2,9 miljoen weeskinder in Suid-Afrika en in 2019 het 26 000 kinders in huishoudings wat slegs uit kinders bestaan, gewoon.

Inkomste-armoede, werkloosheid en maatskaplike toelae

Ingevolge artikel 27(1)(c) van ons Handves van Regte het almal (kinders ingesluit) die reg van toegang tot "maatskaplike sekerheid, met inbegrip van gepaste maatskaplike bystand indien hulle nie in staat is om hulself en hul afhanklikes te onderhou nie".

Hall [wys daarop](#) dat 7,3 miljoen kinders in die tweede helfte van 2020 in huishoudings gewoon het waar niemand enige inkomste verdien het nie. In 2019 was dit 5,9 miljoen. Die kinderarmoeudekoers by die boonste armoedegrens (R1 268 per maand) was 63%, terwyl 8 miljoen hulle onder die onderste armoedegrens (R840 per maand) bevind het.

Maatskaplike hulptoelaes het beslis kinders se situasie verbeter. In Maart 2022 het 12,9 miljoen kinders die [kinderonderhoudstoelae](#) ontvang – 'n effense afname sedert die vorige jaar. Dit is genoegsame bewyse dat toelaes, die kinderonderhoudstoelae ingesluit, op kos, onderwys en basiese goedere en dienste gespandeer word.

Ten slotte ...

Daar moet duidelik nog baie gedoen word om ons kinders se lewe te verbeter. Met die baie uitdagings wat ons in die gesig staar, sou ons maklik ons kinders se nood uit die ook kon verloor. Maar ons moet nie toelaat dat ons aandag hiervan afgelei word nie – soos emeritus-professor Linda Richter van die Universiteite van die Witwatersrand ons [herinner](#): "In 'n land wat deurspek is met armoede, ongelykheid, sosiale uitsluiting en geweld, lê ons belangrikste verantwoordelikheid by ons kinders en adolesente. Ons moet reeds vroeg diegene met probleme identifiseer en probeer om hierdie probleme reg te stel of te verbeter sodat hierdie kinders hulle lewensreis met krag en hulpbronne kan voortsit. Daarom is dit noodsaaklik dat ons wette en beleide, ons dienste aan kinders en gesinne, ons leiers en hulle besluite, en ons alledaagse interaksie met mekaar help om toestande aan te moedig, te skep en te handhaaf wat alle kinders in staat stel om deel te wees van

kragtige, liefdevolle verhoudings wat hulle in moeilike tye kan troos, hulle sterkpunte kan vier en hulle aanmoedig om te floreer.”

Hoewel ons nog ’n lang pad moet stap, kan ons op Nasionale Kinderdag die vordering vier wat sover met belangrike sosio-ekonomiese regte en omstandighede van ons kinders gemaak is.

- Klik [hier](#) om die res van die artikel soos geplaas te lees.

***Dr Chris Jones is hoofnavorser in die Departement Sistematiese Teologie en Ekklesiologie en ook hoof van die Eenheid vir Morele Leierskap aan die Universiteit Stellenbosch.**